

Vooraf:

- Reël verversings vir die groep.
- Deel die teks vooraf met die groep. 'n Ander vertaling of twee sal help om die teks meer volledig te hoor.

Tafelmaniere

Die doel van hierdie tafelmaniere is om ruimte te skep waar ons God kan hoor en voorkom dat een persoon die gesprek oorheers.

Herinner mekaar aan julle groep se tafelmaniere wat julle saam geskryf het.



Verwelkoming:

- Verwelkom almal.
- Is daar iemand nuut in die groep?
- Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om julle groep te herinner aan God se volledige teenwoordigheid deur die Heilige Gees.

Bid saam:

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand die volgende gebed lees:

Here God Drie-Enig,

Ons bely in hierdie oomblik, op hierdie plek, dat U ons Skepper is (Joh. 1:3) en daarom is U ook die Skepper van ons elkeen se begeertes, veral die begeerte na liefde, intimiteit en seksualiteit.

Ons bely ook dat U ons Verlosser is en dat U ons vrygekoop het deur met U liggaam te betaal aan die kruis (1 Kor. 15:3, Mat. 20:28). U het die prys betaal en daarom behoort my hele lewe en my liggaam aan U (1 Kor. 6:19–20).

Jesus, ons bring onself voor U sodat U ons kan opbou en heelmaak in ons seksualiteit. U vra van ons om ons liggame as lewende en heilige offers aan U oor te gee (Rom. 12:1) en om ons liggame as instrumente van U geregtigheid te gebruik (Rom. 6:13). Daarom gee ek nou myself. Ek gee my lyf, my lewe en my seksualiteit aan U oor. Ek gee my seksuele aard en begeertes vir U.

Jesus, ek sonder my seksualiteit vir U af en ek vra dat U dit sal heilig maak.

Amen.

(Verwerk uit "Prayer for sexual healing" vanaf Ransomed Heart: <https://www.ransomedheart.com/prayer/prayer-sexual-healing>)

Gesels:

Ysbreker: Rooi-resies

- Elke groep kry 'n groot rooi ballon.
- Elkeen in die groep kry 'n strooitjie.
- Die groep moet die ballon van die een kant van die saal, na die ander kant van die saal en terug kry, sonder om aan die ballon self te raak.
- Die eerste groep terug, wen Kit-Kats

Vrae van voor af vir die kleingroepe:

- Wie is uit asem?
- Wie het bietjie hiper-ventileer en voel bietjie lighoofdig?
- Kyk gou in die groep rond, is daar iemand wat bietjie rooi in die gesig is?
- Julle kry gou 'n kans om in die kleingroepe bietjie te skinder: Wie het julle gesien op Valentynsdag wat amper so gereageer het?
- Wie het self so gevoel op Valentynsdag?

Samevatting: Baie van ons was al verlief en het dan al so gevoel. Baie van ons het die begeerte om liefgehê te word en hardloop dan en raak uitasem agter die "gevoel" aan. Sommige van ons sit al ons energie daarin om 'n ou of meisie te hê. Sommige van ons voel soms skuldig dat ons so graag "iemand" wil hê. Meeste van ons lewe iewers tussen die twee gevoelens.

Teks:

Laat iemand die teks een maal hardop lees.

Matteus 5:27-32 (Nuwe Lewende Vertaling)

²⁷ "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' ²⁸Maar Ek sê vir julle, elke man wat met 'n wellustige oog na 'n ander vrou kyk, het al klaar in sy hart egbreuk gepleeg. ²⁹En as jou regteroog jou laat struikel, pluk dit liever uit en gooi dit weg van jou af. Dit is vir jou beter dat een van jou liggaamsdele tot niet gaan as dat jou hele liggaam in die hel eindig. ³⁰Net so, as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om net een van jou liggaamsdele te verloor as dat jou hele liggaam in die hel eindig."

³¹"Daar is gesê: 'Al wat 'n man nodig het om van sy vrou te skei is om aan haar 'n skeisertifikaat te oorhandig.' ³²Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor huweliksontrou, veroorsaak dat sy egbreuk pleeg. En elkeen wat met so 'n geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.

Laat elkeen die teks 'n tweede maal self deurlees en wag dat iets vir hul uitstaan.

Gesels in die groep oor die volgende:

- Gesels 2-2/ 3-3 oor wat julle nie verstaan nie of wat vir hulle vreemd is. (As die tieners nie vir mekaar kan help om meer duidelikheid te kry nie, kan hulle in die groep vra wat hulle nie verstaan nie.)
- Verduidelik: Wat is egbreuk? Dis wanneer die "eg" verbreek word, m.a.w. wanneer 'n huweliksverhouding gebreek word. Die wette wat Jesus hier van praat kom uit die Ou Testament uit. Soms het die mense probeer om die "minimum vereistes" vas te stel.
- As julle so na Jesus luister, wat dink julle was die "minimum vereistes" wat mense opgestel het om nie "egbreuk te pleeg nie."
- Wat sou jy vir Jesus wou terug sê as jy een van die manne was wat na Jesus se preek geluister het en jy hoor die volgende goed:
 - Hy sê manne mag nie eers na ander vroue kyk en hulle begeer nie...
 - As jou oog jou laat struikel, pluk dit eerder uit...
 - As jou hand jou laat sondig, kap dit eerder af...
- Ek dink Jesus wou hê mense moes hoor dat wellus en egbreuk meer is as om nie net 'n "minimum standaard" na te kom nie. Ek dink Jesus wou hê mense moes hoor dat mense getrou moes wees en dat getrouheid 'n groot verantwoordelikheid is. Wat dink julle is die verskil tussen 'n minimum standaard en 'n verantwoordelikheid?
- Wys die aangehegte prentjie. Hoe pas ons vlak van fisieke seksualiteit (onthou, selfs hande vashou en drukkie is 'n vorm van seksualiteit) by die vlak van commitment? (In romantiese verhoudings moet die fisiese seksualiteit, pas by die vlak van "commitment". Hoe dieper die commitment, hoe meer die fisieke seksualiteit.)
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Bid vir mekaar oor wat die teks vir julle sê, asook vir wat alles vir julle voorlê vir die res van die week.

Voor julle uitmekaargaan, maak onder mekaar seker oor die volgende:

- Is almal op die kommunikasie-lys?
- By wie kom die groep volgende week bymekaar?